# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* — *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XX, No. 747 — 17 JULIE 1936 — GEREGISTREER AAN DIE HOOF POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD — PRYS 4d.


## Suid-Afrika kry 'n Volkslied

DIE hoogste gesag van die georganiseerde Afrikanerdom, die Nasionale Kultuurraad, het so pas „Die Stem van Suid-Afrika" met die toonsetting van M. L. de Villiers gekies vir aanbeveling as volkslied by die Regering en alle Suid-Afrikaners. Ongetwyfeld sal die amptelike erkenning van owerheidsweë en die algemene aanvaarding daarvan deur almal wat 'n eie volkslied vir Suid-Afrika wens, nie uitbly nie; want daar het nog selde groter eenparigheid bestaan oor 'n saak wat van soveel blywende belang vir die volk is. Die keuse van Langenhoven se gedig het geskied met instemming van die Engelse kultuurorganisasies, en die finale beslissing van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings was eenparig. Die musiek het ewe vlot gevaar. By die keur van die veertig toonsettings van daardie gedig het die lede van die komitee (waarin ook Engelse musici gedien het) onafhanklik van mekaar almal De Villiers se toonsetting gekies; en die F.A.K., en daarna die Nasionale Kultuurraad, was dit volkome eens oor die keuse. Intussen het die volk reeds kenlik, en by voorbaat, sy instemming met die besluit betuig. „Afrikaners, Landgenote" het jare gelede al begin agterstaan vir „Die Stem", wat in verbasend korte tyd oor die hele Unie posgevat het. Die F.A.K. het dit besef toe hy afgesien het van sy oorspronklike plan om drie verskillende toonsettings aan die publiek voor te lê ten einde die voorkeur van die volk te bepaal. Die uitslag was, altans wat die Afrikaanssprekendes betref, 'n uitgemaakte saak.

Dit is 'n uiters gelukkige verloop van sake, een wat tot groot dankbaarheid stem wanneer ons die onwaardige stryd wat om die keuse van 'n volksvlag gewoed het, in die gedagte hou. Ons kan 'n mate van meningsverskil verwag wanneer uiteindelik in die praktyk die plek van die Britse volkslied naas dié van die Unie-volkslied aangewys moet word, want daarin het ons dieselfde argumente aan weerskante as met die vlagkwessie: die band van trou tussen die Koning en sy onderdane in Suid-Afrika kan met eweveel klem as regverdiging van die Britse volkslied se voortbestaan in die Unie aangevoer word as destyds met die Britse vlag gedoen is. Nogtans koester ons die vertroue dat die les van die verlede die gesonde verstand hierdie keer sal sterk om sake wat dieper as woorde gaan, teen openbare debatte en dagbladpolemiek te beskerm.

Die enigste en beslissende vereiste vir 'n volkslied is dat dit die lied van die volk moet wees, die lied wat spontaan aangehef word wanneer die vaderlander met ontblote hoof uiting wil gee aan sy liefde vir die grond waaroor die spore van sy voorvaders lê. Dit is geen saak vir Parlement of pers nie. Die vaderlandsliefde self besluit wat hom waardig is. Daarom moet ook nou, of miskien veral nou, dat daar finaliteit by die Afrikaners verkry is, geen versnelling van die pas tot die einddoel, die algemene aanvaarding, met kunsmatige middels bewerkstellig word nie. Die dieperliggende dinge is veiliger in die hande van die tyd as in dié van die mens.

Nietemin is daar wel hindernisse wat die algemene aanname van die volkslied deur alle Suid-Afrikaners kan strem en wat met geringe moeite uit die weg geruim kan word. Die vernaamste is wel die gewoonlik siellose vertolking van „Die Stem van Suid-Afrika". Een dagblad het hom die uitlating veroorloof dat die wysie herinner aan 'n leër wat moedeloos sy totale uitdelging tegemoet gaan. Behalwe dat die blad van die verouderde militaristiese standpunt uitgegaan het dat ons in 'n volkslied noodwendig met verganklike dinge soos oorloë of troepemagte te doen het, kan sy gebrek aan geesdrif begryp word. Die gewone vertolking, dié wat al die radiostasies elke aand jaar-in en jaar-uit laat hoor, is so onbesield dat die spelers onmoontlik die fiere woorde wat dit moet vergesel, kon geken het. En dit doen die toondigter 'n onreg aan. Baie van ons lesers het wellig uitvoerings daarvan gehoor wat inspireer. Met hier en daar 'n verandering in die harmonisering, beter frasering, groter afwisseling van nadruk en veral 'n veel vinniger tempo as waaraan ons gewoond is, kan ons ten minste sê dat die trots en liefde en vreugde wat Langenhoven in die woorde verklank het, ook in die musiek tot uiting sal kom. Dit is 'n juiggeroep, nie 'n treurmars nie.

Dit is nie 'n alleenstaande geval nie. Die vertolkings van die Britse volkslied oor die radio was al so uiteenlopend en meestal so onbevredigend dat die draadloosbestuur in Brittanje 'n spesiale opname daarvan na goedkeuring deur die Koning aan al die radio-organisasies in die Britse Ryk verstrek het. Die F.A.K. sal derhalwe sy goeie werk heelwat nader aan voltooiing bring deur aan ons radiobestuur 'n bevredigende opname van „Die Stem" vir die daaglikse uitsending beskikbaar te stel. 'n Verandering in die musiek sal dan noodsaaklik word, sodat die eerste strofe 'n afgeslote stuk vorm en ons nie langer aan die pynlike ondervinding van 'n ru deurgekapte volkslied onderwerp hoef te word nie. Dit is 'n paar van die veranderinkies wat baie kan bydra tot die bespoediging van die dag wanneer die volk uit een mond nie meer net met oppervlakkige woorde nie maar ook met die opregtheid van die lied sy trou aan sy vaderland sal betuig.

## DIE VINKIES

*Elke vink moet skool-toe gaan*
*Om te leer om nes te bou,*
*Om te leer in koor te hou*
*As hul kwetter-oefening het.*
*Dis nie alles pure pret,*
*Elkeen moet sy standerd deur:*
*Vliegles eers, om vlerk te slaan,*
*Van die stam af af te spring,*
*In die blou lug op te beur,*
*Saam te vlieg in lyn en kring,*
*Stokalleen met eie vlerk.*
*Glo my, dit is harde werk*
*Oor die wye rivier te stryk,*
*Duiselend is dit af te kyk.*
*Maar dit moet, hoe jy ook skrik,*
*Anders word jy seer gepik,*
*Anders word jy nie volleerd nie,*
*Deur jou maters nooit geëerd nie,*
*Anders word jy kort gewiek*
*In die vinkskool-matriek.* — C. L. L.

## Die Nuwe Radiobewind

DIE berig dat prof. M. C. Botha aangestel is as waarnemende voorsitter van die Radioraad, wat oor twee weke die diens in Suid-Afrika sal oorneem, was so welkom as wat dit teleurstellend is. Daar is weinige wat bekwamer is om die leiding van die organisasie te onderneem of groter algemene steun van die publiek sal ontvang as die Sekretaris van Onderwys. Hy het hoedanighede wat die keuse vanselfsprekend maak. En tog gaan hy slegs tydelik, miskien net 'n paar maande lank, die hoof wees. Hy kan uit die aard van die saak geen reorganisasie van die diens aanpak nie, sodat ons by sy eventuele vervanging net so min van bestendigheid van beleid kan praat as op hierdie tydstip en tegelyk daarmee die dienste moet ontbeer van 'n man wat tog beswaarlik vervang sal kan word. As daar op die omblik redes is waarom hy die leiding nie permanent kan of wil behou nie, is dit onredelik om te verwag dat die Regering alles in sy vermoë sal doen, desnoods met behulp van die Parlement, om daardie redes uit die weg te ruim?

## Aantekeninge

Die Nasionale Kultuurraad het tydens sy sitting in Bloemfontein in breë trekke die beleid wat s.i. op draadloosgebied gevolg moet word, geformuleer. Wesentlik is dit dieselfde as wat *Die Huisgenoot* herhaaldelik gemotiveer het, nl. beter bediening van die platteland, 'n aanvullende maar *nie-parallelle* tweetalige diens en aankondiging en 'n Suid-Afrikaans georienteerde nuusdiens. Dit sluit definitief die gedagte aan afsonderlike stasies vir die twee tale uit. Die Afrikaners het reeds regstreeks en by monde van hul kultuurorganisasies daardie vereistes vir 'n bevredigende radiodiens neergelê.

Die wedstryd wat *Die Huisgenoot* vir sy ouer lesers in verband met sy twintigste verjaardag uitgeskryf het, het 'n baie groot aantal lesers aangespoor om hul persoonlike indrukke van die blad oor die twintig jaar neer te skryf, sodat die beoordeling 'n hele rukkie in beslag sal neem en die mededingers 'n bietjie geduld sal moet beoefen. Weens die afwesigheid van die Redakteur met vakansie is die beoordeling ook enkele weke uitgestel.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012